

TRANSORANJE INSTITUUT VIR BUITENGEWONE ONDERWYS

Transoranje Instituut word gedurende 1947 gestig deur die drie Susterkerke met die opdrag om 'n skool vir Doves te open in die Noorde. Nog 4 skole word daarna geopen. Vandag, 70 jaar later, word die volgende 5 skole steeds finansiële ondersteun.

- Transoranje-skool vir Doves
- Sonitusskool vir Gehoorgestremdes
- Transvalia-skool vir Epilepsie en Leergestremdheid
- Prinshofskool vir Gesiggestremdes
- Hoërskool Martie du Plessis vir Serebraalgestremdes



PROJEK TEN BATE VAN MINDERBEVOORREGTE KIND

Projek Sonskyn

Die doel van hierdie projek is om minderbevoorregte kinders in die 5 skole 'n gelyke geleentheid te bied deur hulle te ondersteun met die volgende:

- Skooltassies en skoolklere
- Skoolfooie, koshuisgeld, vervoerkoste
- Skryfbehoeftes en toiletware
- Spesiale toerusting (braille-masjiene, rolstoele, gehoorapparate en batterye)
- Akademiese, sport- en kultuurbenodigdhede

PROJEKTE TEN BATE VAN SKOLE

Projek Opknap

Word jaarliks op 'n rotasiebasis aan die skole toegeken om 'n kapitaalprojek te finansier.

Projek Onweer

Fondse word in trust gehou vir onvoorsiene uitgawes by skole. Die balans word jaarliks oorgedra en aangevul met R50 000.

Projek Volmagie

Die projek het ten doel om die skole by te staan met hul voedingskemas. 'n Derde van die 5 skole se totale leerdertal kom uit minderbevoorregte huise. 'n Groot aantal dagskoliere ontvang op 'n daaglikse basis voedsel by die skool. Van die skole stuur ook gereeld kospakkies huistoe. Hierdie projek is afhanklik van skenkings.

Projek Warmlyfie. Om elke minderbevoorregte kind voor die winter met 'n trui toe te rus saam met 'n paar skoene. Projek afhanklik van skenkings.

FONDSINSAMELINGSPROJEKTE

Projek Hartklop

Hierdie projek is spesifiek gemik op die jeug. Met dié projek poog die Instituut om kinders aan te gryp en aan te spoor om op 'n klein, maar beduidende manier, met SENTE, kinders met gestremdhede te help. Hierdie is 'n deurlopende projek. Kinders plak die plakker op 'n houer van hul keuse. Wanneer hulle die houer ingee ontvang hulle 'n lapelwapentjie.

Plakkers en lapelwapentjies gratis by die kantoor beskikbaar.

Loslit Dag

Is 'n Nasionale projek wat jaarliks op die 1ste Vrydag van September gehou word. Bestel vroegtydig plakkers @ R10 per plakker. Die Instituut hou R4 en R6 word aan die Nasionale Raad vir Persone met Fisiese Gestremdhede oorbetaal. Die grootste fondsinsamelingsprojek.

INKOMSTE

Die drie Susterkerke en hul gemeentes bly steeds die grootste bydraer tot die fondse van die Instituut. Fondse word ook verkry van private donateurs, rente en erflatings.

Die Instituut is geregistreer om Artikel 18A kwitansies te mag uitreik. Donasies is aftrekbaar van belasting.

WENSLYS

Finansiële bydrae

Truie

Skoolskoene

Toiletware

Nie-bederfbare voedsel

Windjakkies

Skooltasse

Skryfbehoeftes

DANKIE

Ontvang ons opregte dank vir u ondersteuning, meelewing en gebede die afgelope 70 jaar. Die kind met 'n gestremdheid is deur u aan ons toevertrou met die opdrag: **versorg, koester** en **onderrig** hulle. Help ons asseblief sodat ons hierdie **stigtingsopdrag** vir nog 70 jaar sal uitvoer.

BIDDAG VIR ONDERWYS: Die Biddag vir onderwys val vanjaar op 12 Februarie. Skole het die ondersteuning van gemeentes broodnodig.

Sake waarvoor voorbidding gedoen kan word:

- Die Minister van Onderwys en plaaslike onderwystrukture.
- Dankbaarheid vir uitstekende skoolhoofde, onderwyspersoneel, dosente, ouers en leerders.
- Die rol van organisasies soos SAOU en FEDSAS om gehalte onderwys te verseker.
- Kalmte en veilige omstandighede by Universiteite en Technikons vir studente.
- Die saak waarin ses skole oor hul godsdienstebeleid deur Ogod voor die hof gedaag word van 15-17 Mei en FEDSAS wat hul verteenwoordig.

Versoek deur dr Gustav Claassen: Algemene Sekretaris van die NG Kerk